# Hebreeuse Wortels of Hebreeuse Worstelinge?

Wat is erger? Misleiding vanuit die Christelike leer (insluitend Rooms Katoliek, waaruit Christendom ontstaan het), die Messiaanse leer of Rabbynse Judaïsme? Lees mooi, vriend of vriendin. Hierdie is nie spesifieke leerstellings in elkeen van hierdie groepe nie. Hierdie is aangaande die MISLEIDING midde-in hierdie leerstellings – hetsy Christelik, Messiaans of Judaïsme! Misleiding beteken die aangehegte gedeelte wat nie oorspronklik deel van die leer was nie – dít wat nie deel is van Skrif nie. Onthou die woorde van *YAH*:

> *D'varim* 4 [2]Julle mag by die boodskap wat ek julle beveel, niks byvoeg nie en ook niks wegvat nie, om die opdragte van יהוה, julle *Elohim*, te onderhou, wat ek julle beveel.

Ironies dat dit bevestig word, wat beteken dat *YAH* baie ernstig hieromtrent:

> Openbaring 22 [19]en wie ook al iets van die boodskap van hierdie profesie uit die boekrol wegvat, *Elohim* sal sy deel wegvat uit die boekrol van die lewe en uit die afgesonderde stad uit, die dinge waarvan in hierdie boekrol geskryf is.

Daar is misleiding in elke vorm van geloof, of geloofswandel, soos dit eintlik behoort genoem te word. Slegs wanneer *Yeshua* onvoorwaardelik gevolg word, is daar geen misleiding nie:

> *Yochanan* 14 [6]*Yeshua* antwoord hom: "Ek is onveranderlik dieselfde, die Pad, die Waarheid en die Lewe; niemand gaan na My Vader toe nie, behalwe deur My."

Baie Christene en Jode het alreeds wakker geword vir die misleiding in hul gemeentes / sinagoges, selgroepe, byeenkomste, sowel as sommige individue en soek oral rond vir ander vorms van aanbidding tot die enigste, ware *D'varim* 6:4 *Elohim*. Wanneer hulle egter by sekere Messiaanse of Hebreeuse Wortels groepe uitkom, verwar dit hulle meer as wat dit hulle versterk, want alles "moet Joods wees". Regtig? Waar is dit in Skrif opgeteken?

Baie mense, meesal Christene of diégene wat daaruit beweeg het en "iets (iemand?) anders" volg is baie vinnig om te sê mens moet die vis eet en die grate uitspoeg. Eintlik is hierdie stelling heeltemal verkeerd, want indien jy weet die vis het grate in, behoort jy dit eers uit te haal voordat jy dit eet! Alternatiewelik, indien jy vooraf weet dat die grate giftig kan wees, behoort jy nie eens die vis te eet nie. Daar is deesdae genoeg bronne wat jou vooraf kan waarsku van groot, klein, geen of giftige grate – die beste bron is *Ruach haQodesh*, die Heilige Gees! Daar is inderdaad gif in elke vorm van Christendom, die Messiaanse Beweging en Judaïsme!

Die Jode in die tyd van *Yeshua* het Hom verwerp, daarom moet die ware gelowige in *Yeshua* sy broer *Y'hudah* tot jaloesie lei (*YAH* en *Yeshua* se woorde):

> Handelinge 13 [42]Toe hulle van hul af weggaan, het hulle wat van ander nasies is hulle gevra dat hulle die volgende *Shabbat* hierdie boodskap by hulle sou bring.

*YAH* sê vir ons in Sy wonderbaarlike verlossingsplan:

> *D'varim* 10 [12]Nou, *Yisra'el*, wat vra יהוה, jou *Elohim*, van jou as net om יהוה, jou *Elohim*, respekvol te vrees, in **al Sy paaie te loop**, Hom lief te hê en יהוה, jou *Elohim*, te dien met jou hele verstand, wil en emosie en met jou hele gees en lewe (nadruk bygevoeg)

Kyk bietjie hier:

> Handelinge 13 [45]maar toe die Jode die skare mense sien, is hulle met woede vervul en het met bose woorde weerspreek wat deur *Sha'ul* gesê is.

*Kefa* (Petrus) leer ons:

> 1 *Kefa* 4 [14]As julle beledig word oor die Karakter en Outoriteit van Die Gesalfde Een, is julle gelukkig omdat die Gees van eer, lof en aanbidding van *Elohim* op julle rus,

Die profesie wat *Shim'on* oor *Yeshua* uitgespreek het:

> *Luqas* 2 [34]en *Shim'on* het hulle geseën en vir *Miryam*, Sy moeder gesê: "Let op, hierdie Een is bestem vir die val en opstaan van baie in *Yisra'el* en bestem as 'n Teken wat weerspreek sal word,

Ons sien ook:

> Romeine 11 [11]maar ek vra: "Het hulle gestruikel sodat hulle geval het?" 'n Verwerplike gedagte! Inteendeel, deur hulle struikeling het daar verlossing vir die ander nasies gekom, om hulle jaloers te maak

Dit blyk te gewerk het, want hulle was jaloers gemaak, selfs venynig, volgens Skrif en Sy bedoeling aangaande hulle, selfs 'n teken waarteen hulle sou baklei, volgens *YAH* se wil.

Ons lees:

> Efesiërs 1 [11]In eenheid met Hom is ons gekies soos Hy ons vroeër aangestel het en het Hy gewil dat Hy alles sal doen volgens die doel van Sy wil

Hierdie is 'n vertolking van:

> *D'varim* 32 [21]Hulle het My jaloers gemaak met wat nie *Elohim* is nie, My uitgetart tot woede met hulle afgode. Ék sal hulle dus jaloers maak met dié wat nie 'n volk is nie, deur 'n dwase nasie sal Ek hulle uittart tot woede,

Deur nasies sien ons wysheid:

> *D'varim* 4 [6]Bewaar en doen hulle, want dit is julle wysheid en julle begrip voor die oë van die mense wat al hierdie reëls sal hoor en sê: "Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en begripvolle volk,'

Weer uit die woorde van *Sha'ul*:

> 1 Korinthiërs 1 [27]maar wat dwaas is by die wêreld, het *Elohim* gekies om die wyse te beskaam en wat swak is by die wêreld, het *Elohim* gekies om die wat sterk is, te beskaam

'n Paar verse later:

> 1 Korinthiërs 1 [30]Vanuit Hom is julle in eenheid met Die Gesalfde Een, *Yeshua*, wat vir ons die Wysheid van *Elohim*, Onpartydige Opregtheid, Afgesonderdheid en Verlossing geword het

Kefa kom weer aan die woord:

> 1 *Kefa* 2 [6]Dit word gesê in die Skrifte: "Let op, Ek lê in *Tziyon* 'n goedgekeurde en kosbare Hoeksteen en hulle wat in Hom vertrou, sal nooit beskaam word nie."

Ons sien iets soortgelyk:

> Handelinge 9 [22]*Sha'ul* het al kragtiger geword en die Jode wat in *Dammeseq* bly, verontrus deur te bewys dat hierdie Een Die Gesalfde Een is,

Rabbi *Sha'ul* (Paulus) kon selfs die rabbi's en hul navolgelinge verontrus (*he confounded them*, volgens die meeste populêre Engelse vertalings), deur hierdie stellings.

Hiermee word nie beweer dat nie-Joodse nuwe bekeerlinge of Messiaanse Christene enigsins meer weet, beter is of alreeds enige doelwit bereik het nie. Die "nuwe (Handelinge 2) gemeente" vervang ook nie Jode nie – almal van hulle was in elk geval Jode! Dit is absurd om te dink *YAH* Jode sou kies tydens die uitstorting van *Ruach haQodesh*, net om hulle later weg te gooi! Die werklike gemeente is alreeds gestig by *Sinai* met die geskenk van die Tien Woorde – *Shavu'ot* (Pinkster). Daar is egter daagliks by die gemeente (van *YAH*) gevoeg:

> Handelinge 2 [47]terwyl hulle *Elohim* prys soos hulle omgee ontvang by al die mense. Ons Meester het daagliks, die wat tot lewe gekom het, by die gemeente gevoeg.

*Ruach haQodesh* rus elke persoon toe wat 'n ontmoeting met *Yeshua* gehad het, beide Jode en nie-Jode, om die Woord van *YAH* te verkondig. Hierdie opdrag het *Yeshua* self (vir Jode) gegee:

> *Mattityahu* 28 [19]Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge **van al die nasies**, doop hulle in die Karakter en Outoriteit van die Vader en die Seun en die Gees wat Afgesonderd is (nadruk bygevoeg)

Na *Yeshua* se hemelvaart het hierdie opdrag vinnig uitgebrei na nie-Jode. In sommige opsigte mag sommige Jode dalk meer weet van die *TaNakh* as Christene, terwyl baie nie-Joodse gelowiges alreeds 'n persoonlike ervaring gehad het met ons Verlossing, *Yeshua*, soos *Sha'ul*, *Kefa* en vele ander, wie se woorde in Skrif opgeneem is.

*Torah* is doelbewus van meeste van ons ontneem wat uit Christendom gekom het, veral deur sogenaamde leraars wat hul ore aan die vyand uitleen en nie staatmaak op oortuigings van *Ruach haQodesh* nie. Dit is derhalwe belangrik dat ons by Jode sal leer wat hulle weet van Skrif wat nie verdraai en aangepas is nie; dit moet geensins teenstrydig met *Torah* wees nie. Soortgelyk moet ons hulle leer van *Yeshua*, sonder enige soetsappige 'christelike' evangelisering – die waarheid van die *b'sorah*, die Goeie Nuus van *Yeshua* en niks meer of minder nie.